

3

SAMUEL

Ek wil ook vir God werk

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God mense gebruik om vir Hom te werk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- Samuel was nog baie klein toe hy reeds werkies vir die Here gedoen het.
- omdat Samuel gedoen het wat die Here van hom gevra het, was die Here altyd by hom.

Gesindheid

Die kinders moet –

- graag iets vir die Here wil doen.
- iets vir die Here doen om hul liefde vir Hom te wys.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- kortliks die verhaal van Samuel se roeping te vertel.
- 'n paar dinge op te noem wat 'n mens vir die Here kan doen.
- elke dag iets vir die Here te doen (soos om vriendelik te wees met maatjies, boeties en sussies, en mense te help as hulle iets nodig het).

MEER INLIGTING (1 Samuel 1: 20-28; 2: 18-19; 3: 1-10 en 19-20)

Samuel was nog maar 'n klein seuntjie. Hy het saam met die priester Eli by die tempel gebly en gewerk. Hy het vir Eli en die ander priesters gehelp om alles in die tempel op te pas en om

die mense wat na die tempel gekom het, te help om hul offers op die altaar te sit. Hy het ook baie oor al die dinge wat die Here vir die mense wou leer, by Eli gehoor.

Een nag het Samuel gehoor dat iemand na hom roep. Hy kon nie mooi hoor wie dit was nie en daarom het hy maar na priester Eli se kamer toe gegaan om te hoor of hy hom geroep het. Eli het vir Samuel gesê dat dit nie hy was wat hom geroep het nie en dat Samuel maar weer moet gaan slaap.

Nog twee keer daarna het Samuel weer gehoor dat iemand na hom roep en hy het elke keer weer vir Eli daarvan gaan sê. Na die laaste keer het Eli daaraan gedink dat dit seker die Here is wat vir Samuel roep om met hom te praat. Eli sê toe vir Samuel om weer terug na sy kamer toe te gaan en weer te gaan lê. As die stem weer na hom roep, moet Samuel antwoord en sê: *Praat, Here, u dienaar luister.*

Samuel is terug na sy kamer toe en gou het hy weer die stem gehoor wat roep: *Samuel, Samuel!* Toe antwoord Samuel: *Praat, Here, u dienaar luister.* Die Here vertel toe vir Samuel van 'n baie spesiale werk wat hy moes gaan doen.

Samuel het grootgeword en alles presies net so gedoen soos wat die Here vir hom gesê het. Die Here was ook altyd by hom. Alles wat Samuel gesê het, het waar geword en die mense van die land het geweet dat Samuel die Here ken en dat hy 'n goeie profeet is en alles doen wat die Here vir hom sê.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Ma- en 'n kind-handpop of tydskrifprente van 'n ma en 'n kind.
- Wondergom (Prestik).

KOM ONS BEGIN

Sing Gesang 543: 1 en 2 of lees dit voor as gebed.

*Here Jesus, ek is klein,
maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer;
laat ek grootword tot u eer.*

*O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.*

*O Verlosser, maak my sterk,
vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly,
altyd gaan waar U my lei.*

O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.
Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Maak seker dat die kinders die regte dele van die wapenrusting ingekleur het.
- Vra enkele van die kinders om vir die maatjies te vertel hoe hulle dit vir hul ouers verduidelik het.

VANDAG LEER ONS

Gebruik handpoppe of tydskrifprente van 'n ma en 'n kind. Gebruik die poppe of prente terwyl jy die dialoog hieronder, verkieslik in twee stemtone, voorlees. Die kind se naam is Pieter.

BEGIN SO

Kind: *Ma, ek wil gaan swem!*

Ma: *Nee, Pieter, jy weet mos jy mag nie alleen gaan swem nie, jy is mos te klein!*

Kind: *Kan ek dan asseblief kafee toe gaan? Ek is lus vir lekkers.*

Ma: *My kind, dis te gevaarlik vir 'n klein seuntjie soos jy om alleen kafee toe te stap. Ek sal later saam met jou gaan.*

Kind: *Mag ek dan NIKS doen nie? Altyd as ek iets wil doen, is ek nog te klein daarvoor. Is ek dan vir alles te klein? (Dialoog eindig hier)*

Vra die volgende: Was jy ook al hartseer omdat jy te klein is om iets te doen? Wel, ek het goeie nuus vir jou en vir Pieter: God ken jou en jy kan vir God werkies doen, al is jy klein!

Luister nou mooi na wat met Samuel gebeur het sodat julle later vir Pieter kan troos.

IETS INTERESSANT

Vertel die verhaal van Samuel soos by MEER INLIGTING hierbo en vra dan die volgende: Het jy al iets vir die Here gedoen? Wat dink jy wil die Here hê dat jy vir Hom moet doen?

Net soos wat Samuel vir die Here geluister het en vir Hom gevra het wat hy alles moet doen, moet jy ook bid en vir die Here vra om vir jou te wys wat jy vir Hom kan doen.

As jy gereeld die Bybel lees, sal die Here vir jou wys (op 'n baie besondere manier) wat om vir Hom te doen. Elke dingetjie wat jy vir die Here doen, sal sy hart baie bly maak, want so sal jy vir Hom wys dat jy baie lief is vir Hom.

IETS BELANGRIK

Laat die kinders die volgende vrae beantwoord:

- Wat is die seuntjie wat by Eli in die tempel gebly het se naam? (*Samuel.*)
- Watse werk het Samuel vir God gedoen toe hy by Eli in die tempel gebly het? (*Hy het*

gehelp om alles in die tempel op te pas, en hy het gehelp wanneer mense hulle offers op die altaar kom sit het.)

- Wie kan almal vir God werk? (*Almal, ek en jy, grootmense en kinders.*)
- Hoe weet ons dat God wil hê dat ons vir Hom moet werk? (*Die Bybel sê dit vir ons.*)

Sê vir die kinders terwyl jy Pieter weer vir hulle wys: Ek is so bly dat ons kon uitvind dat God 'n mens gebruik al is jy klein. Arme ou Pieter het dit nie gehoor nie en is nog steeds hartseer. Hy dink nog steeds hy is te klein vir alles – hy dink selfs hy is te klein om God se kind te kan wees! Kom troos hom saam met my.

Sê saam met my: Pieter! Ons kan vir God werk al is ons klein! (3x)

Ons is saam met Pieter bly oor die goeie nuus. As ons self gelukkig wil wees, en ander mense ook gelukkig wil maak, moet ons vir God werkies doen.

IETS OM TE DOEN

Onderhandel met die diakonie sodat die kinders van tyd tot tyd saam met die diakens geleentheid kry om die dankoffers by die deur op te neem.

BY DIE HUIS

- Laat hulle die prente in hul boek, wat wys hoe jy ander mense kan help, inkleur.
- Laat hulle elke dag iets vir die Here gaan doen soos om vriendelik te wees met almal en mense te help as hulle iets nodig het.
- Laat hulle die volgende woorde leer: *Ek wil, soos Samuel, ook vir die Here werk.*

AFSLUITING

Sing weer Gesang 543: 1 en 2.

*Here Jesus, ek is klein,
maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer;
laat ek grootword tot u eer.*

*O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.*

*O Verlosser, maak my sterk,
vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly,
altyd gaan waar U my lei.*

*O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.
Amen.*